SimpleStudy®

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## EKONOMIE V2

## MODEL 2013

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Oortollige antwoorde buiten die vereiste aantal sal NIE nagesien word nie.

3. Beantwoord die vrae in volsinne en verseker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde met die kognitiewe vereistes van die vrae ooreenstem.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

6. Lees die vrae noukeurig deur.

7. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

8. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 15 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Die produkte van 'n monopolistiese mededinger is …

A homogeen.
B gedifferensieerd.
C dieselfde.

1.1.2 'n Daling in die prys van hoender sal tot 'n … die vraagkurwe lei.

A beweging op
B verskuiwing na links van
C verskuiwing na regs van

1.1.3 Die inkomste-elastisiteit van vraag na 'n minderwaardige goed, byvoorbeeld paraffien, sal …

A gelyk wees aan 0.
B minder wees as 1.
C groter wees as 1.

1.1.4 'n Styging in die prys van botter sal veroorsaak dat die vraag na margarien …

A sal toeneem.
B sal afneem.
C konstant sal bly.

1.1.5 Watter EEN van die volgende is vir die vernietiging van die osoonlaag verantwoordelik?

A Ultraviolet strale
B Stikstof
C Koolstofdioksied

1.1.6 Die mees ongelyke verdeling van inkomste kom in … voor.

A Switserland
B Suid-Afrika
C Duitsland

1.1.7 In Suid-Afrika is die verwydering van huishoudelike afval die verantwoordelikheid van die … owerheid.

A plaaslike
B provinsiale
C sentrale

1.1.8 Die armoedesiklus word dikwels deur … gekenmerk.

A hoë misdaadsyfers
B 'n hoë lewensverwagting
C lae sterftekoerse (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Veranderlike koste | A 'n ooreenkoms wat wêreldwyd aanvaar is om skadelike uitlaatgasse te verminder |
| 1.2.2 Kort termyn | B verlies aan vrugbare landbougrond |
| 1.2.3 Samespanning | C wette aangeneem deur die parlement om die omgewing te beskerm |
| 1.2.4 Normale wins | D nie-hernubare hulpbronne |
| 1.2.5 Erosie | E veranderinge as totale uitset styg |
| 1.2.6 Internasionale protokol | F 'n tydperk wanneer produksiefaktore en insette vasgestel bly en nie kan verander nie |
| 1.2.7 Mynbou | G firmas wat besluit om saam te werk om pryse vas te stel |
| 1.2.8 Wetgewing | H minimum opbrengs vereis deur die eienaars van 'n besigheid om voort te gaan |
| | I die verskil tussen totale inkomste en totale koste |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Prysoorloë word deur hierdie tipe mark gekenmerk

1.3.2 Dit meet die reaksie van verbruikers op prysveranderinge

1.3.3 Goedere wat gesamentlik gebruik word om 'n behoefte te bevredig

1.3.4 Kweekhuisgasse vorm deel van hierdie tipe besoedeling

1.3.5 Gemeet in terme van absolute inkomstevlakke

1.3.6 Die verwydering van hindernisse tot wêreldhandel (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.


**VRAAG 2: MIKROEKONOMIE** **40 PUNTE – 25 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE doelwitte van besighede. (2 x 1) (2)

2.1.2 Bereken die marginale koste as uitset van 60 tot 80 styg en totale koste van R1 000 tot R2 000 styg. (2)

2.2 Bestudeer die grafieke hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




2.2.1 Benoem kostekurwes **1** en **2** in die grafieke hierbo. (2)

2.2.2 Met verwysing na grafiek B, wat is die gemiddelde koste as 40 eenhede geproduseer word? (1)

2.2.3 Wat is die verwantskap tussen die *marginale koste* en die *gemiddelde koste*? (2)

2.2.4 Hoekom is die totalevastekoste-kurwe (FK) in grafiek A volmaak horisontaal? (1)

2.2.5 Bereken die gemiddelde koste as die uitset 90 eenhede en die totale koste R2 200 is. Toon ALLE berekeninge. (4)

2.3 Bestudeer die prentjies hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



**Homogene goedere**

2.3.1 Koppel die prentjies hierbo aan die volgende markstrukture:

(a) Volmaakte mark
(b) Oligopolie
(c) Monopolie
(d) Monopolistiese kompetisie (4)

2.3.2 Beskryf die helling van die vraagkurwe van 'n volmaakte mark. Gee 'n ekonomiese rede vir jou antwoord. (3)

2.3.3 Gee 'n voorbeeld van 'n mark wat as naastenby volmaak beskou kan word. (1)

2.3.4 Verduidelik kortliks die begrip *monopolis*. (2)

2.4 Onderskei tussen *nominale pryse* en *relatiewe (reële) pryse*. (8)

2.5 Teken 'n goed benoemde vloeidiagram van 'n ekonomiese kringloop om die verwantskap tussen die produkmarkte en faktormarkte in 'n geslote ekonomie aan te toon. (8)
**[40]**

**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 25 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE nadele van vrye handel. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoekom dink jy sal etniese en inheemse groepe meer onder armoede ly as ander groepe? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: *Internet, Globalisering*, 22 Februarie, 2013]

3.2.1 Wat word bedoel met *globalisering*? (2)

3.2.2 Na jou mening, hoe sal globalisering Afrika beïnvloed? Verduidelik kortliks. (4)

3.2.3 Beskryf die boodskap wat deur die spotprent oorgedra word. (4)

3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**STOF TOT NADENKE**

Biobrandstof is 'n energiebron wat kan help om die vraag-en-aanboddilemma versus die moderne wêreld se oorafhanklikheid van petroleum en petroleum-gebaseerde toestelle op te los. Biobrandstof skei ook skoner uitlatings van koolstofdioksied en swaeldioksied af, twee kweekhuisgasse wat vir klimaatsverandering en aardverwarming verantwoordelik is. Dit word ook beskou as 'n hernubare bron omdat dit in 'n baie kort tydjie aangevul kan word. Brasilië en Maleisië is tans verantwoordelik vir die vernietiging van groot dele van reënwoude om vir palmolieplantasies plek te maak.

Daar is egter tans 'n debat oor voedsel versus brandstof. Die vraag is steeds of dit wenslik is om voedselgewasse aan te wend om alternatiewe brandstof te skep, eerder as om in die wêreldwye vraag na voedsel te voorsien. Versuim om die belangrikheid van die landbousektor te erken, verwronge landboumarkte en die afbreek van beleid wat binnelandse markte in ontwikkelende lande ondersteun, is verreweg meer verantwoordelik vir die huidige voedselkrisis as biobrandstowwe.

[Aangepas: *Skyways*, Februarie 2013]

3.3.1 Definieer die begrip *hernubare hulpbron*. (2)

3.3.2 Hoe kan biobrandstof as energiebron die vraag na petroleum verlig? (2)

3.3.3 Watter effek sal die vernietiging van reënwoude in Brasilië op klimaatsverandering hê? (2)

3.3.4 Verduidelik kortliks die oorsaak van die huidige voedselkrisis. (2 x 2) (4)

3.4 Bespreek kortliks enige TWEE groepe wat die ergste deur armoede geraak sal word. (2 x 4) (8)

3.5 Verduidelik die negatiewe effek van subsidies wat ontwikkelde lande toestaan op die ekonomieë van ontwikkelende lande. (2 x 4) (8)

**[40]**

## VRAAG 4: MIKROEKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES
**40 PUNTE – 25 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE faktore wat die aanbod van 'n produk beïnvloed. (2 x 1) (2)

4.1.2 Wat sal die produsent doen as totale koste die totale inkomste oorskry? (1 x 2) (2)

4.2 Paul is baie honger en besluit om pasteie te eet om sy honger te stil. Die tabel hieronder verteenwoordig die nut wat Paul verkry uit die eet van die beskikbare pasteie. Bestudeer die tabel en beantwoord die vrae wat volg.

| GETAL PASTEIE | TOTALE NUT | MARGINALE NUT |
|---|---|---|
| 1 | 15 | 15 |
| 2 | 27 | 12 |
| 3 | 33 | **(B)** |
| 4 | 32 | 2 |
| 5 | 32 | 0 |
| 6 | **(A)** | -4 |
| 7 | 21 | -7 |

4.2.1 Definieer die begrip *marginale nut*. (2)


4.2.2 Bepaal die waardes van **A** en **B**. (4)

4.2.3 Waar sal totale nut gemaksimeer word? (1)

4.2.4 Hoe word nut gemeet? (1)

4.2.5 Waarom sal jy aanbeveel dat Paul nie die 6de pastei eet nie? (2)

4.3 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: *Internet, Omgewingsagteruitgang*, 2013]


4.3.1 Wat word met *omgewingsagteruitgang* bedoel? (2)

4.3.2 Wat is die boodskap wat deur die spotprent oorgedra word? (2)

4.3.3 Hoe kan landbou-ontwikkeling tot die vernietiging van woude bydra? (4)

4.3.4 Hoe kan die Departement van Onderwys help om die probleem van omgewingsagteruitgang op te los? (2)

4.4 Verduidelik die drie fases van die besigheid se langtermyn-kostekurwe soos in die grafiek hieronder aangetoon.




(4 x 2) (8)

4.5 Verduidelik kortliks hoe die Internasionale Monetêre Fonds en Wêreldbank tot globalisering bydra. (2 x 4) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding** | Maks. 3 |
| **Inhoud**<br>• Hoofdeel: Bespreek/Onderskei/Differensieer/Verduidelik/ Ontleed/Evalueer/Assesseer<br>• Addisionele deel: Gebruik/Trek/Skets 'n grafiek/diagram .../ Lei af …/Gee 'n oorsig/Verduidelik kortliks/Brei uit op … /Jou eie opinie | <br>Maks. 24<br><br>Maks. 6 |
| **Gevolgtrekking** | Maks. 2 |
| Interpretasie/Rubriek | Maks. 5 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKROEKONOMIE 40 PUNTE – 25 MINUTE**

Die vraag na goedere en dienste reageer verskillend op prysveranderinge as gevolg van die aard daarvan.

- Bespreek die volgende soorte pryselastisiteit van vraag met behulp van grafieke:

  - Volmaak onelasties
  - Relatief elasties
  - Eenheidelasties (24)

- Wat is die belangrikheid van pryselastisiteit van vraag vir die entrepreneur? (6)

**[40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 MINUTE – 25 PUNTE**

Daar is miljoene mense wêreldwyd wat in armoede leef.

- Bespreek die oorsake van armoede in detail. (24)

- Hoe sal jy die Minister van Ekonomiese Sake oor die verligting van armoede adviseer? (6)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou